# DIE MILITÊRE EN STRATEGIESE POSISIE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**Sy Edele P. W. Botha, Minister van Verdediging**

Strategie is nie, soos die ou uitgediende begrip daarvan dit wou hê, 'n enkele skerp omlynde dogma nie. Dis 'n logiese denkwyse waarvan die doel is om 'n opponerende wil te oorwin. Strategie is dus die nasionale wil van 'n staat in operasionele hoedanigheid. Daarom sou dit 'n rampspoedige benadering vir 'n land soos Suid-Afrika wees om die begrip strategie as beperk tot die militêre terrein te sien.

Gevolglik strek strategie oor die hele geïntegreerde terrein van die politiek, die diplomasie, die ekonomie, die psigologie sowel as die terreine van die veiligheidsmagte.

## Moderne oorlogvoering

Moderne oorlogvoering is totaal. Dit moet op meer as een gebied gevoer word: deur die ekonomie, die diplomasie, die tegnologie en militêre aksie. Selfs die hedendaagse botsings tussen state, insluitende die Koue Oorlog, verg 'n gekoördineerde en beredeneerde denkwyse wat op verskillende fronte die opponerende mag weerstaan. Hierdie begrip van strategie het van oorheersende belang vir die Vrye Wêreld in sy geheel geword, omdat die kommunistiese wêreld in 'n groot mate daarin geslaag het om die inisiatief te verkry.

Die Vrye en Westerse wêreld, insluitende die Republiek van Suid-Afrika, moet besef dat elke faset van 'n staat se nasionale lewe 'n bydrae tot die strategiese waarde van daardie land maak. Daarom moet die totale energie en vermoë van 'n staat gekoördineerd aangewend word om sy strategiese doel te bereik.

## R.S.A. se strategiese doel

Sedert die Tweede Wêreldoorlog bevind die R.S.A. hom in 'n posisie van besondere belangrikheid. Die resultaat van die jongste wêreldbotsing was nuwe ekonomiese druk, die sug na 'n nuwe sosiale struktuur, nuwe magsambisies, nuwe tegnologiese deurbrake en menslike prestasies. Talle Westerse moondhede was uitgeput, en die Russe het die geleentheid aangegryp

om die Weste se invloed verder te verminder deur 'n veldtog op tou te sit vir die beëindiging van kolonialisme. Dit het die Kommunisme uitstekend gepas om uit selfsugtige oorweginge op te tree as kampvegters en bevryders van die onderhorige volkere van Asië en Afrika, terwyl niks gerep is van die bevryding van die volke wat aan Russiese heerskappy onderwerp is nie. Daarvan getuig vandag nog die skandmuur wat Berlyn verdeel.

Die wedywering tussen die twee magsblokke in die wêreld, algemeen bekend as die Koue Oorlog, het vir Suid-Afrika verreikende gevolge meegebring — nie alleen in die Verenigde Volke nie, maar ook in Afrika. Die Wes-Europese moondhede het in 'n groot mate van die Afrika-toneel verdwyn en ons het ons eensklaps voor 'n geweldige uitdaging op ons pad in die nuwe Afrika bevind. In dié verband is dit interessant om die bekende woorde van Salazar van Portugal oor Afrika in herinnering te roep

> „When I speak of Afrika I do not refer to the Northern-African States nor to the ancient independent Countries like Ethiopia . . ."
>
> „I will repeat an old idea that today seems to have become generalized: Africa is the complement of Europe, vital for its defence and necessary support for its economy. This means that a large part of European power may be lost along with the territories of Africa, which is tantamount to saying that Europe can be overthrown in Africa."

*Hierdie proses wat hom geleidelik in Afrika laat geld het, het die Republiek van Suid-Afrika en sy bure wesenlik geraak. Maar hierdie proses het die Republiek van Suid-Afrika se strategiese belang vir die Vrye wêreld sowel as die Kommunistiese wêreld weer eens beklemtoon en verhoog.*

'n Rewolusionêre oorlog teen veral blanke Suider-Afrika en in besonder die R.S.A. as die toonaangewende land in dié deel van Afrika, word steeds met meer sluwe metodes gevoer. 'n Deskundige op die gebied van rewolusionêre oorlogvoering het tereg gesê: „Rewolusionêre oorlog bestaan uit 20 persent militêre en 80 persent politieke optrede". Dit ondervind Suider-Afrika tans.

Sekere Westerse lande bly ongelukkig skromelik in gebreke om die noodsaaklikheid te aanvaar dat die Republiek

van Suid-Afrika sy geleentheid moet kry om sy volle strategiese waarde te ontplooi, sodat hierdie pogings tot sy vernietiging sal misluk.

## Kommunisme en Afrika

Hoewel beide die Russe en die Rooi Chinese ernstige aandag aan Afrika gee en met mekaar wedywer om hulle in die verskillende state te vestig, volg hulle in hul strategie en taktiek basies dieselfde patroon van beïnvloeding, ondermyning, insypeling, tegniese, militêre en ander hulpverlening, steun aan swart nasionalistiese bewegings, ensovoorts. Alles geskied planmatig en met duidelike doelwitte. Knyptangbewegings word uitgevoer. In Afrika beweeg hulle stelselmatig langs die Ooskus af na hul doelwitte in die Suide. In Wes-Afrika het hulle hul al in etlike lande net soos in Algerië ingegrawe. Sou hulle byvoorbeeld daarin slaag om uit Wes-Afrika beheer te kry oor die Kaap Verdiese eilande en uiteindelik die Azores, kan 'n rampspoedige slag aan die Weste toegedien word en Europa effektief van die Suidelike halfrond afgesny word.

Hul doelwit in Suider-Afrika is klaarblyklik ook daarop bereken om beheer te verkry oor die Kaapse seeroete en die Westelike en Oostelike kuste van Afrika.

Die Kommunisme het reeds met die spring van die linie in Afrika sy kommerwekkende teenwoordigheid in die vasteland verseker. Hy het die Weste gedwing om landbasisse prys te gee en daardeur die Westerse mobiliteit verswak. In Latyns-Amerika en met Kuba as basis het hulle reeds redelike sukses behaal in hul pogings om nader aan Panama te beweeg.

Die Derde Wêreldoorlog sal heelwaarskynlik nooit verklaar word nie: dit het reeds op verskillende fronte in die vorm van terrorisme en plaaslike oorloë begin.

## Britse onttrekking

As gevolg van die Britse onttrekking Oos van Suez het 'n magslugleegte ontstaan wat tans geleidelik deur die Kommunisme gevul word. Daarmee het Rusland 'n eeu-oue droom verwesenlik om in dié gebied gevestig te raak.

In die Simonstadverdrag is dit as die verklaarde beleid van die Britse Regering gestel „om magte vir die verdediging van Afrika, insluitende Suider-Afrika, en die Midde-Ooste by te

dra". Die doel hiervan sou wees om die Westerse seeverbindings om Suider-Afrika te beveilig. By gebrek aan die nodige Britse magte val daardie taak nou vierkantig op Suid-Afrika se skouers. Geen Westerse land kan dit bekostig dat die Indiese Oseaan 'n Russiese „Mare Nostrum" word nie. Olie vir Europa uit die Persiese Golf móét vrye deurgang geniet, en hedendaagse reuse-tenkskepe sal noodwendig die Kaapse roete moet gebruik. Die V.S.A. se stryd teen die Kommunisme in Suidoos-Asië sou verydel word indien die Russe en Sjinese daarin sou slaag om hulle in die Indiese Oseaangebied in te grawe. Ook Japan se ekonomiese vooruitgang is van vrye toegang tot die Indiese Oseaan afhanklik, en Australië en Nieu-Seeland se belang in dié gebied is ooglopend. Suid-Afrika se maritieme magte en die vlootbasis te Simonstad kan wesenlik tot die beveiliging van die Indiese Oseaan bydra.

In Jemen en Aden is die Kommunisme gevestig en is Russiese bewegings verder in die Indiese Oseaan meer en meer opvallend. Sonder om in volle en bekende besonderhede te tree, moet daar ook net melding gemaak word van die stryd in Suidoos-Asië.

Gevolglik lei dit geen twyfel nie dat, indien die Kommunisme op al hierdie fronte sou slaag, daar vir die Vrye wêreld rampspoedige resultate wag. Indien die seeroete rondom die Kaap uit Wes-Afrika bedreig word as gevolg van Kommunistiese beheer, kan Europa ekonomies 'n ernstige knou toegedien word deur byvoorbeeld sy toevoer van olie af te sny.

Die sluiting van die Suezkanaal as gevolg van die Israeli-Arabiese oorlog het die belangrikheid van die seeroete om die Kaap duidelik aangetoon. In die eerste ses maande na die sluiting van Suez het die getal skepe wat van Suid-Afrikaanse hawens gebruik moes maak, met amper 50 persent vermeerder (5,953 normale besoeke en 2,699 spesiaal weens die sluiting van Suez), terwyl 'n geskatte 9,600 skepe om die Kaap gevaar het sonder om ons hawens te gebruik. Ingesluit in bostaande totale was 54 oorlogskepe en 41 vloothulpskepe van Westerse moondhede wat ons hawens gebruik het, en 14 oorlogskepe en 2 vloothulpskepe wat verbygevaar het. Die verhoogde tempo is sedertdien volgehou. Al sou Suez weer oopgestel word, kan ons aanvaar dat 'n aansienlike gedeelte van dié skeepvaart sal voortgaan om die Kaapse roete te gebruik. Die nuwe reuse-tenkskepe kan in alle geval nie van Suez gebruik maak nie, en dit sou

vir hulle onekonomies wees om van die pyplyn wat tans deur die Israeli's van die Golf van Akaba na die Middellandse See gebou word, gebruik te maak. Uit 'n ekonomiese oogpunt gesien, sal die Kaapse roete gewis in die toekoms die skakel tussen Europa en die oliebronne in die Nabye Ooste bly. Drywende basisse as alternatief vir Simonstad is ontsettend duur en minder doeltreffend.

Daarbenewens kan beheer oor Suidelike Afrika en veral die Republiek van Suid-Afrika deur Kommunisme die genadeslag vir Westerse invloed in Afrika meebring.

So 'n ontwikkeling kan 'n uiters ongemaklike posisie vir ander pro-Westerse lande in die Suidelike halfrond soos Argentinië en Australië en Nieu-Seeland meebring. Vir elkeen wat die wêreldkaart bestudeer, moet dit glashelder wees in watter mate hierdie Westerse lande in die Suidelike halfrond gemeenskaplike strategiese belang het.

### Die R.S.A. se waarde

Die R.S.A. is deur tradisie en oortuiging 'n Westerse land, en indien hy met rus gelaat word deur die Westerse lande wat hulle met sy binnelandse beleid wil bemoei, kan en sal hy op sý besondere wyse 'n kragtige bydrae lewer tot die Christelike en Westerse beskawing, trouens vir die hele Vrye wêreld.

Die Republiek van Suid-Afrika, met sy stabiele regering en politieke rus en vrede tussen sy volkere, is 'n waarborg van veiligheid vir die seeroete om die Kaap. Die bruto industriële produksie van Suid-Afrika is nagenoeg 80 persent van dié van die hele Afrika. Hierdie ekonomiese en nywerheidskrag; die reusebronne van strategiese en ander grondstowwe; die vaardigheid van S.A. se mannekrag asook die gevorderde staat van ontwikkeling van sy pad-, spoor- en lugverbindings, is maar 'n paar faktore wat die Republiek 'n ideale ankerbasis vir Westerse strategiese beplanning maak.

Maar die Republiek se ekonomiese vermoë, sy wetenskaplike bydrae en sy standaard van lewe kan van soveel meer nut vir die buurstate in Suider-Afrika wees. In dié verband verwys ek graag na die veelseggende woorde wat deur die Portugese Minister van Buitelandse Sake, dr. Alberto Noqueira, onlangs tydens sy besoek aan ons land gebesig is toe hy van Portugal in Afrika en die R.S.A. gepraat het:

„The ways and methods of the two Countries are certainly different. That, however, does not prevents us from collaborating, for the common welfare of all. As a matter of fact it is a case of defending and expanding in the African continent what the two countries consider to be values of the West, despite all the lack of understanding shown by the same West."

### Ons strategiese vermoë in praktyk

Wat is hierdie bydrae vir die Weste wat in die praktyk gemaak moet word?

In 'n totale oorlog teen die magte van die Kommunisme sal die strategiese bydrae van 'n sterk en ontwikkelende Suid-Afrikaanse Republiek die volgende beteken — uitgaande van die veronderstelling dat 'n kernoorlog tussen die groot wêreldmagte uitgeskakel is:

- ☐ Daar sal doeltreffende regering wees met ekonomiese krag om militêre operasies moontlik te maak.
- ☐ Daar sal 'n veilige hinterland wees waarvandaan die nodige logistieke steun kan kom.
- ☐ Daar sal die nodige arbeid, vervoergeriewe en akkommodasie vir militêre magte wees.
- ☐ Daar sal vloot- en lugonderhouds- en versieningsfasiliteite wees. Hierdie fasiliteite word beskerm deur die radarnetwerk op ons Noordergrens en die Decca-radionavigasiekettings wat langs ons kuste aangebring word. In tyd van oorlog sal dit vir ons vloot en maritieme magte van onskatbare waarde wees.
- ☐ Daar sal goed ontwikkelde vliegvelde wees.
- ☐ Daar sal doeltreffende hawefasiliteite wees.
- ☐ Veel meer, daar sal goed ontwikkelde wetenskaplike, tegnologiese en nywerheidsfasiliteite wees.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Suid-Afrika nie minder as 280,000 soldate op vrywillige grondslag beskikbaar gestel om aan die kant van sy bondgenote te veg nie. Ongeveer 45,000 lugmagpersoneel het in die oorlogspoging deelgeneem. Sover dit die vloot betref, het Suid-Afrika 9 skepe en 8,000 offisiere en manskappe op sterkte gehad.

Vandag is die Republiek van Suid-Afrika veel meer toe-

gerus vir sy taak op militêre gebied. Die doeltreffende samewerking met die nywerheidswese is ook op beter grondslag geplaas deur die jongste stappe in verband met die verkryging, navorsing en produksie ten opsigte van krygstuig. Daar is reeds groot vordering gemaak i.v.m. navorsing en die ontwikkeling van projektiele, wat 'n belangrike bydrae tot groter veiligheid vir ons staat sal lewer. Daarby word ons militêre vermoë gesteun deur 'n kragtige ekonomie, 'n doelgerigte volkswil en die krag van nasionale eenheid.

Is dit moontlik dat daar Westerse staatsliede kan wees wat sulke hulp kan versmaai! Gelukkig dink die militêre deskundiges in die meeste Westerse lande in terme van vriendskap oor die R.S.A. Hulle oordeel nugter en weet waartoe Suid-Afrika in staat is. 'n Welbekende strateeg en skrywer oor militêre vraagstukke skryf in 'n artikel soos volg:

> „From an overall view the strategic position of South Africa is next in importance to that of Western Europe and North America combined.
> Not only does it stand as a bulwark against the conquest of the whole of Africa, but it occupies the most important central position in the Southern Hemisphere at the junction of the Indian and South Atlantic Oceans."

## Ten slotte

Daar is vandag 'n dreigement teen hierdie militêre en strategiese vesting van die Vrye wêreld, die Republiek van Suid-Afrika. Die onkonvensionele aanslag staan in die teken van kommunistiese rewolusionêre oorlog. Dit sluit ook aan by die strewe van die Organisasie vir Afrika-eenheid (O.A.E.) om die blanke in Suidelike Afrika te verdelg; van die Kommunisme om sy invloed in Afrika te laat seëvier en om die R.S.A. as sleutelgebied in sy aanslag teen Amerika te bekom. Die konvensionele dreigement mag nie onmiddellik wees nie. Maar dit kan verhaas word deur eskalasie van onkonvensionele pogings of ineenstorting van ons Noordelike buurstate. Indien andersyds die Republiek van Suid-Afrika met sy beleid van goeie buurskap in Suider-Afrika in toenemende mate slaag, moet verwag word dat meer sluwe en gevaarlike metodes teen ons aangewend sal word deur diegene wat ons ondergang soek.

Die veilige bewaring van Suid-Afrika se militêre en strate-

giese posisie is lank nie meer net die taak van een staatsdepartement nie. Dit het die verantwoordelikheid van alle vaderlandsliewende Suid-Afrikaners geword. Indien die leidende Westerse moondhede die R.S.A. se belangrikheid, militêr en strategies, wil aanvaar en dit wil help versterk, kan dit die begin wees van die herstel van Westerse invloed in Afrika en talle ander punte in die wêreld.

So lank as vryheid die strewe bly van die Westerse mens, só lank sal die veilige bewaring van die seeroete om die kuste van Suid-Afrika 'n oorheersende lewensvraag bly, vir die Vrye wêreld, maar ook vir elkeen van ons hier in Suid-Afrika. Indien ons dus die donker magte van vernietiging en chaos wil help teenstaan, moet ons op ekonomiese, militêre en politieke gebied oor die veiligheid van Suid-Afrika waak.

Die groot vraag van die toekoms is of ons, ten spyte van geregverdigde onderlinge verskille, as Suid-Afrikaners die geloof en moed en vergesigte sal hê om die militêre en strategiese posisie van die Republiek van Suid-Afrika in stand te hou en te verseker.

So baie sal afhang van ons vaderlandsliefde, ons realistiese idealisme en toewyding.